

Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering

PROVINCE OF WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

6961

6961

Friday, 24 February 2012

Vrydag, 24 Februarie 2012

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.		Page
Proclamation		
1	Museum Ordinance: Declaration of the Lwandle Migrant Labour Museum	178
Provincial Notices		
41	Swartland Municipality: Removal of Restrictions Act	179
42	Overstrand Municipality (Hermanus Administration): Removal of Restrictions Act	179
43	City of Cape Town Municipality: Rectification Notice: Removal of Restrictions Act	179
44	Knysna Municipality: Removal of Restrictions Act	179
45	Mossel Bay Municipality: Removal of Restrictions Act	180
46	Saldanha Bay Municipality: By-election Notice	180
47	Cape Metropolitan Area: Amendment of Urban Structure Plan	181
Tenders:		
Notices		182
Local Authorities		
	City of Cape Town Municipality (Helderberg District): Departure and removal of restrictions	193
	City of Cape Town Municipality (Khayelitsha/Mitchells Plain District): Rezoning, subdivision and departures	196
	City of Cape Town Municipality (Northern District): Amendment of the approved Cape Town Spatial Development Framework & East Spatial Development Framework	182
	City of Cape Town Municipality (Northern District): Rezoning ..	182
	City of Cape Town Municipality (Southern District): Rezoning and departures	195
	City of Cape Town Municipality (Table Bay District): Closure ..	195

No.		Bladsy
Proklamasie		
1	Museumordonnansie: Verklaring van die Lwandle Trekarbeidmuseum	178
Provinsiale Kennisgewings		
41	Swartland Munusipaliteit: Wet op Opheffing van Beperkings	179
42	Overstrand Munisipaliteit (Hermanus Administrasie): Wet op Opheffing van Beperkings	179
43	Stad Kaapstad Munisipaliteit: Regstellingskennisgewing: Wet op Opheffing van Beperkings	179
44	Knysna Munisipaliteit: Wet op Opheffing van Beperkings ..	179
45	Mosselbaai Munisipaliteit: Wet op Opheffing van Beperkings	180
46	Saldanhaabaai Mun.: Tussenverkiesing Kennisgewing	180
47	Kaapse Metropolarea: Wysiging van Stedelike Struktuurplan	181
Tenders:		
Kennisgewings:		182
Plaaslike Owerhede		
	Stad Kaapstad Munisipaliteit (Helderberg-distrik): Afwyking en opheffing van beperkings	194
	Stad Kaapstad Munisipaliteit (Khayelitsha-/Mitchells Plein-distrik): Hersonerings, onderverdeling en afwykings	196
	Stad Kaapstad Munisipaliteit (Noordelike Distrik): Wysiging van die goedgekeurde Kaapstadse Ruimtelike-ontwikkelingsraamwerk & Oos-ruimtelike-ontwikkelingsraamwerk	182
	Stad Kaapstad Munisipaliteit (Noordelike Distrik): Hersonerings ..	182
	Stad Kaapstad Munisipaliteit (Suidelike Distrik): Hersonerings en afwykings	195
	Stad Kaapstad Munisipaliteit (Tafelbaai-distrik): Sluiting	195

(Continued on page 208)

(Vervolg op bladsy 208)

PROCLAMATION

MUSEUM ORDINANCE, 1975

NO. 1/2012

DECLARATION OF THE LWANDLE MIGRANT LABOUR MUSEUM AS A PROVINCE-AIDED MUSEUM

I, Ivan Henry Meyer, the Provincial Minister for Cultural Affairs and Sport in the Western Cape, acting in terms of section 12(3) of the Museum Ordinance, 1975 (Ordinance 8 of 1975), declare the Lwandle Migrant Labour Museum as a province-aided museum with effect from 24 February 2012, and assign the name Lwandle Migrant Labour Museum thereto.

Signed at Cape Town on this 24th day of February 2012.

IVAN HENRY MEYER
PROVINCIAL MINISTER OF CULTURAL AFFAIRS AND SPORT

PROKLAMASIE

MUSEUMORDONNANSIE, 1975

NR. 1/2012

VERKLARING VAN DIE LWANDLE TREKARBEIDMUSEUM TOT 'N PROVINSIE-ONDERSTEUNDE MUSEUM

Ek, Ivan Henry Meyer, die Provinsiale Minister vir Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap, tree op ingevolge artikel 12(3) van die Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975), en verklaar die Lwandle Trekarbeidmuseum tot 'n provinsie-ondersteunde museum met inwerkingtreding vanaf 24 Februarie 2012, en wys die naam Lwandle Trekarbeidmuseum daaraan toe.

Geteken te Kaapstad op hierdie 24ste dag van Februarie 2012.

IVAN HENRY MEYER
PROVINSIALE MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT

ISIBHENGEZO

I-MUSEUM ORDINANCE, 1975

NO. 1/2012

UKWAZISWA KWELWANDLE MIGRANT LABOUR MUSEUM NJENGEZIKO LOLONDOLOZO LWEMBALI
ELIXHASWA LIPHONDO

Mna, Ivan Henry Meyer, uMphathiswa weMicimbi yeNkcubeko nemiDlalo, ngokwemiqathango yecandelo 12(3) leMuseum Ordinance, 1975 (iOrdinance 8 ka-1975), ndibhengeza iLwandle Migrant Labour Museum njengeziko lolondolozo lwembali elixhaswa liphondo ukususela ngomhla wama 24 kweyoMdumba 2012, kwaye ndinika iLwandle Migrant Labour Museum amagunya oko.

Kusayinwe eKapa ngomhla wama 24 kwinyanga yoMdumba 2012.

IVAN HENRY MEYER
UMPHATHISWA WEMICIMBI YENKCUBEKO NEMIDLALO WEPHONDO

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notices are published for general information.

ADV. B. GERBER,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 41/2012 24 February 2012

SWARTLAND MUNICIPALITY
REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

I, Riette Fourie, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owners of Erf 812, Yzerfontein, remove condition B. 6. (a), contained in Deed of Transfer No. T. 24745 of 2010.

P.N. 42/2012 24 February 2012

OVERSTRAND MUNICIPALITY
(HERMANUS ADMINISTRATION)
REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)

Notice is hereby given that the Minister of Environmental Affairs and Development Planning, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 940, Pringle Bay, remove conditions C.(f)(2)(i) and (ii) contained in Deed of Transfer No. T. 118019 of 1998.

P.N. 43/2012 24 February 2012

RECTIFICATION NOTICE
CITY OF CAPE TOWN
REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erven 8405 and 8407, Bellville, remove condition 1.B.2 as well as the reference to said condition contained in condition 2.B. and amend condition 1.B.“1 as well as the reference to said condition contained in condition 2.B. contained in Deed of Transfer No. T. 92201 of 2006 to read as follows:

“Dat die gesegde gedeelte vir bewonings doeleindes en enige ander gebruik soos toegelaat deur die Raad, gebruik word”.

Provincial Notice P.N. 278/2011 is hereby cancelled.

P.N. 44/2012 24 February 2012

KNYSNA MUNICIPALITY
REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)

I, Bulelwa Nkwatani, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs & Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 7822, Knysna, removes condition A.2. as contained in Deed of Transfer No. T. 41664 of 2007.

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

ADV. B. GERBER,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 41/2012 24 Februarie 2012

SWARTLAND MUNISIPALITEIT
WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Ek, Riette Fourie, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoortlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaars van Erf 812, Yzerfontein, hef voorwaarde B. 6. (a), soos vervat in Transportakte Nr. T. 24745 van 2010, op.

P.K. 42/2012 24 Februarie 2012

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT
(HERMANUS ADMINISTRASIE)
WET OP OPHEFFING VAN BEPERKING, 1967
(WET 84 VAN 1967)

Kennis geskied hiermee dot die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoortlik aangewys as die bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 940, Pringlebaai, hef voorwaardes C.(f)(2)(i) en (ii) vervat in Transportakte Nr. T. 118019 van 1998 op.

P.K. 43/2012 24 Februarie 2012

REGSTELLINGS KENNISGEWING
STAD KAAPSTAD
WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoortlik aangewys as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie No 160 van 31 Oktober 1994 kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erve 8405 en 8407, Bellville, hef voorwaarde 1.B.2 sowel as verwysing na genoemde voorwaarde vervat in voorwaarde 2.B. op en wysig voorwaarde 1.B.“1 sowel as verwysing na genoemde voorwaarde in voorwaarde 2.B. vervat in Transportakte Nr. T. 92201 van 2006 om as volg te lees:

“Dat die gesegde gedeelte vir bewonings doeleindes en enige ander gebruik soos toegelaat deur die Raad, gebruik word”.

Provinsiale Kennisgewing P.K. 278/2011 word hiermee gekanselleer.

P.K. 44/2012 24 Februarie 2012

KNYSNA MUNISIPALITEIT
WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)

Ek, Bulelwa Nkwatani, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruiksbestuur Reguleerder in die Departement Omgewing Sake en Ontwikkelings Beplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoortlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 7822, Knysna, hef voorwaarde A.2. vervat in Transportakte Nr. T. 41664 van 2007, op.

P.N. 45/2012

24 February 2012

MOSSEL BAY MUNICIPALITY
REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)

I, Bulelwa Nkwatani, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 1008, Hartenbos, remove conditions B 3. (b) and B 3. (d), as contained in Deed of Transfer No. T. 51319 of 2010.

P.K. 45/2012

24 Februarie 2012

MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT
WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)

Ek, Bulelwa Nkwatani, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 1008, Hartenbos, hef voorwaardes B 3. (b) en B 3. (d), soos vervat in Transportakte Nr. T. 51319 van 2010, op.

P.N. 46/2012

24 February 2012

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE
SALDANHA BAY MUNICIPALITY (WCO14)
BY-ELECTIONS IN WARD 12: 28 MARCH 2012

Notice is hereby given in terms of section 25(4) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) that a by-election will be held in Ward 12 of the Saldanha Bay Municipality on Wednesday, 28 March 2012, to fill the vacancy in this ward.

Furthermore, notice is hereby given in terms of section 11(1)(b) of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act 27 of 2000) that the timetable for the by-election will soon be published in the Provincial Gazette of the Western Cape Province by the Independent Electoral Commission.

For enquiries, please contact Mr André Oberholster at 12 Main Street, Vredenburg, 7380, tel (022) 701-7000.

Signed on this 21st day of February 2012.

AW BREDELL, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT, ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING

P.K. 46/2012

24 Februarie 2012

PROVINSIE WES-KAAP
MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI (WCO14)
TUSSENVERKIESING IN WYK 12: 28 MAART 2012

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 25(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) dat 'n tussenverkiesing in Wyk 12 van die Munisipaliteit Saldanhabaai gehou sal word op Woensdag, 28 Maart 2012, om die vakature in hierdie wyk te vul.

Kennis geskied hiermee verder ingevolge artikel 11(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesingswet, 2000 (Wet 27 van 2000) dat die tydtafel vir die tussenverkiesing eersdaags deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap gepubliseer sal word.

Enige navrae kan gerig word aan Mnr André Oberholster by Hoofstraat 12, Vredenburg 7380, tel (022) 701-7000.

Geteken op hierdie 21ste dag van Februarie 2012.

AW BREDELL, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

P.N. 46/2012

24 Febhuwari ka-2012

IPHONDO LENTSHONA KOLONI
U MASIPALA WASESALDANHA BAY (WCO14)
UNYULO LOVALO-SIKHEWU KUWADI 12: 28 KuMATSHI KA-2012

Ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 25(4) loMthetho wooRhulumente beNgingqi: amaSebe ooMasipala, 1998 (uMthetho 117 wonyaka we-1998), ukuba kuza kubanjwa unyulo lovalo sikhewu kuWadi 12 kummandla kuMasipala waseSaldanha Bay ngoLwesithathu umhla we-28 kuMatshi ka-2012, ukuvala izikhewu ezithe savela ngenxa yokushiya ooceba beziwadi.

Ngokunjalo, ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 11(1)(b) loMthetho wooRhulumente beeNgingqi: Unyulo looMasipala, 2000 (uMthetho 27 wonyaka wama-2000), ukuba uludwe lwamaxesha okubanjwa konyulo lovalo zikhewu luya kupapashwa kuqala yiKomishoni eZimeleyo yoNyulo kwiGazethi yePhondo leNtshona Koloni.

Nayiphi na imibuzo ekhoyo ingabhekiswa kuMr André Oberholster, 12 Main Street, Vredenburg 7380, kwnombolo yefowuni ethi (022) 701-7000.

Lusayinwe ngalo mhla we-21 uFebhuwari ka-2012.

AW BREDELL, UMPHATHISWA WEPHONDO LOORHULUMENTE BOMMANDLA, IMICIMBI YENDALO NOCWANGCISO LOPHUHLISO

P.N. 47/2012

24 February 2012

AMENDMENT OF THE URBAN STRUCTURE PLAN FOR THE CAPE METROPOLITAN AREA: A PORTION OF THE FARM 934/1, NOORDHOEK

By virtue of section 4(7) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), Minister A Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, on 26th October 2009, amended the Urban Structure Plan for the Cape Metropolitan Area, Noordhoek, (made known as a Guide Plan in Government Notice No. 1708 of 9 February 1996, and declared as Urban Structure Plan in Government Notice No. 2192 of 6 September 1991 and declared as an Urban Structure Plan in Government Notice No. 157 of 9 February 1996), by changing the designation of a Portion of Farm 934/1, Noordhoek, as indicated on the attached map, from "Minerals and Construction Materials" to "Urban Development".

E17/3/4/2/CC1/S PLAAS 934/1, NOORDHOEK


P.K. 47/2012

24 Februarie 2012

WYSIGING VAN DIE STEDELIKE STRUKTUURPLAN VIR KAAPSE METROPOOL AREA: 'N GEDEELTE PLAAS 934/1, NOORDHOEK

Kragtens artikel 4(7) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), het Minister A Bredell, Minister van Plaaslike Regerings Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, op 19 Desember 2011 die Stedetike Struktuurplan vir die Kaap Metropol (bekend gemaak as 'n Gidsplan in Goewermentskennisgewing No. 22192 van 6 Desember 1991, en verklaar as Stedelike Struktuurplan in Goewermentskennisgewing No. 157 van 9 Februarie 1996), gewysig deur die gebruiksaanwysing van 'n Gedeelte, van die Plaas 934/1, Noordhoek, soos aangedui op die bygaande kaart, vanaf "Minerale Konstruksie Materiale" na "Stedelike Ontwikkeling", te verander.

E17/3/4/2/CC1/S PLAAS 934/1, NOORDHOEK



TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES OF LOCAL AUTHORITIES

CITY OF CAPE TOWN
(NORTHERN DISTRICT)

AMENDMENT OF THE APPROVED CAPE TOWN SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (A COMPONENT OF THE APPROVED INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN) AND AMENDMENT OF THE APPROVED EAST SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK

- Erven 39169 and 39170, Jip de Jager Drive, Door De Kraal, Bellville

Notice is hereby given that the City of Cape Town is considering amending the approved Cape Town Spatial Development Framework (a component of the approved Integrated Development Plan) to permit the change in designation from High Potential & Unique Agricultural Land to Urban Development applicable to the land units identified as follows: Erven 39169 and 39170, Jip de Jager Drive, Door De Kraal, Bellville, as well as to amend the Urban Edge in terms of the above plan to include Erf 39170, Bellville.

The public may submit comments to the City with respect to the above amendments as provided for in Section 3(4)(b) of the Municipal Planning and Performance Management Regulations as published in terms of the provisions of the Municipal Systems Act No 32 of 2000.

Notice is also given of the deviation from the urban edge in terms of the East Spatial Development Framework (approved in terms of Section 4(10) of the Land Use Planning Ordinance) to incorporate Erven 39169 and 39170, Bellville for urban development.

Any comment may be submitted in writing at the office of the District Manager, PO Box 25, Kraaifontein, 7569, Municipal Offices, Brighton Road, Kraaifontein on or before 26 March 2012, quoting the applicable legislation.

Any enquiries may be directed to Mrs A van der Westhuizen, tel (021) 980-6004 or Mrs A Smit (021) 980-6176, Box 25, Kraaifontein 7569, fax (021) 980-6179 or Annaleze.van_der_Westhuizen@capetown.gov.za, weekdays during 08:00-14:30.

ACHMAT EBRAHIM, CITY MANAGER

24 February 2012

24253

CITY OF CAPE TOWN
(NORTHERN DISTRICT)

REZONING

- Erf 7769, 8 Vrededloof Drive, Vrededloof, Brackenfell

Notice is hereby given in terms of Section 17 of the Land Use Planning Ordinance, No 15 of 1985 that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the District Manager at the Municipal Building, Brighton Road, Kraaifontein. Enquiries may be directed to Edwina de Jongh, PO Box 25, Kraaifontein, 7569 or the Municipal Building, Brighton Road, Kraaifontein, tel (021) 980-6146, fax (021) 980-6083 or e-mail: Edwina.DeJongh@capetown.gov.za, weekdays during 08:00-14:30. Any objections, with full reasons therefor, may be lodged in writing at the office of the abovementioned District Manager on or before 26 March 2012, quoting the above relevant legislation, the application number and the objector's erf and phone numbers and address. Any objections received after aforementioned closing date may be considered invalid.

Applicant: BJ Goodwin

Owner: Crimson Moon Investments 197 CC

Application number: 212478

Nature of Application: Rezoning of Erf 7769, Brackenfell from Single Residential to Central Business to permit professional offices.

ACHMAT EBRAHIM, CITY MANAGER

24 February 2012

24254

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWING DEUR PLAASLIKE OWERHEDE

STAD KAAPSTAD
(NOORDELIKE DISTRIK)

WYSIGING VAN DIE GOEDGEKEURDE KAAPSTADSE RUIMTELIKE-ONTWIKKELINGSRAAMWERK CN KOMPONENT VAN DIE GOEDGEKEURDE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN) EN WYSIGING VAN DIE GOEDGEKEURDE OOS-RUIMTELIKE-ONTWIKKELINGSRAAMWERK

- Erwe 39169 en 39170, Jip de Jager-rylaan, Door De Kraal, Bellville

Kennisgewing geskied hiermee dat die Stad Kaapstad die wysiging beoog van die goedgekeurde Kaapstadse ruimtelike-ontwikkelingsraamwerk ('n komponent van die goedgekeurde geïntegreerde ontwikkelingsplan) om toe te laat dat die bestemming van hoëpotensiaal- en unieke landbougrond na stedelike ontwikkeling verander word vir die grondeenhede wat soos volg geïdentifiseer word: erwe 39169 en 39170, Jip de Jager-rylaan, Door De Kraal, Bellville, en dat die stedelike soom ingevolge bogenoemde plan gewysig word om erf 39170 in te sluit.

Die publiek kan kommentaar ten opsigte van bogenoemde wysigings aan die Stad voorlê soos bepaal in artikel 3(4)(b) van die Regulasies oor Munisipale Beplanning en Prestasiebestuur soos gepubliseer ingevolge die bepalings van die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000.

Kennisgewing geskied ook van die afwyking van die stedelike soom ingevolge die Oos-ruimtelike-ontwikkelingsraamwerk, goedgekeur ingevolge artikel 4(10) van die Ordonnansie op Grondgebruik-beplanning, no. 15 van 1985, om erwe 39169 en 39170, Bellville, vir stedelike ontwikkeling in te sluit.

Enige kommentaar kan voor of op 26 Maart 2012 skriftelik aan die kantoor van die Distriksbestuurder, Posbus 25, Kraaifontein 7569, of Munisipale Kantore, Brightonweg, Kraaifontein, gerig word.

Enige navrae kan gerig word aan mev A van der Westhuizen, tel (021) 980-6004, of mev A Smit, tel (021) 980-6176, Posbus 25, Kraaifontein 7569, faksno. (021) 980-6179, of e-posadres Annaleze.van_der_Westhuizen@capetown.gov.za, weekdae gedurende 08:00-14:30.

ACHMAT EBRAHIM, STADSBESTUURDER

24 Februarie 2012

24253

STAD KAAPSTAD
(NOORDELIKE DISTRIK)

HERSONERING

- Erf 7769, Vrededloofrylaan 8, Vrededloof, Brackenfell

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, no. 15 van 1985, dat onderstaande aansoek ontvang is en ter insae beskikbaar is by die Kantoor van die Distriksbestuurder: Noordelike Distrik, Stad Kaapstad, Munisipale Kantore, Brightonweg, Kraaifontein. Navrae kan gerig word aan me E de Jongh, Posbus 25, Kraaifontein 7569, e-posadres Edwina.deJongh@capetown.gov.za, tel (021) 980-6146, of faksnommer (021) 980-6083, gedurende 08:00-14:30. Besware, met die volledige redes daarvoor, moet voor of op 26 Maart 2012 skriftelik by die kantoor van bogenoemde Distriksbestuurder: Noordelike Distrik, ingedien word, met vermelding van die toepaslike wetgewing en die beswaarmaker se erf- en telefoonnommer en adres. Enige besware wat na voormelde sluitingsdatum ontvang word, kan dalk ongeldig geag word.

Aansoeker: BJ Goodwin

Eienaar: Crimson Moon Investments 197 BK

Aansoekno.: 212478

Aard van aansoek: Die hersonering van erf 7769, Brackenfell, van enkelresidensieel na algemeensake om professionele kantore toe te laat.

ACHMAT EBRAHIM, STADSBESTUURDER

24 Februarie 2012

24254

DRAKENSTEIN MUNICIPALITY

APPLICATION FOR CONSENT USE: FARM 764/9 PAARL DIVISION

Notice is hereby given in terms of Regulation 4.7 of the Scheme Regulations promulgated at PK 1048/1988, that an application as set out below has been received and can be viewed during normal office hours at the office of the Head: Planning Services, Administrative Offices, Building, c/o Main and Market Street, Paarl, Tel (021) 807-4770:

Property: Portion 9 of Farm 764, Paarl Division

Applicant: PJ le Roux Town and Regional Planners

Owner: Mr Theunis Uys on behalf of Theunis Uys Family Trust

Locality: Located ± 3 km north of Klappmuts, with access off the Anyswortelrug Road (Minor Road No 5246) which intersects with the R44

Extent: ± 52.89 ha

Zoning: Agricultural Zone I

Existing Use: Bona fide agricultural uses and associated activities

Proposal: Consent Use in order to establish the following uses:

- To allow for the construction of a new building ($\pm 650\text{m}^2$) that will be used as a conference and function venue that will accommodate a maximum of ± 150 people (Tourist Facility); and
- The construction of 4 additional dwelling units ($\pm 175\text{m}^2$ each) which will accommodate 3 people each on a short-term lease basis.

Motivated objections to the above can be lodged in writing to the Municipal Manager, Drakenstein Municipality, PO Box 1, Paarl, 7622 by not later than Monday, 26 March 2012 of the date hereof. Objectors who submit their objections after the due date will automatically forfeit their right of appeal on any decision taken by Council.

Persons who are unable to read or write, can submit their objections verbally at the Municipal Offices, Berg River Boulevard, Paarl, where they will be assisted by a staff member, to put their comments in writing.

15/4/1 (F764/9) P

DENNIS SMIT, ACTING MUNICIPAL MANAGER

24 February 2012

24256

HESSEQUA MUNICIPALITY

CLOSURE OF PORTION OF LAMOELA STREET — ERF 2941 (PORTION OF ERF 2286), HEIDELBERG

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 137(2)(a) of the Municipal Ordinance 20 of 1974, that the Hessequa Municipality intends to close a portion of Lamoela Street, Erf 2941 (Portion of Erf 2286), Heidelberg.

Further particulars are obtainable from the Riversdale Municipal Offices Head: Planning (028) 713-8000. Any objections to the proposed alienation must be submitted in writing to reach the office of the undersigned not later than 16 March 2012.

People who cannot write can approach the office of the undersigned during normal office hours where the responsible official will assist you in putting your comments or objections in writing.

MUNICIPAL MANAGER, HESSEQUA MUNICIPALITY, VAN DEN BERG STREET, PO BOX 29, RIVERSDALE 6670

24 February 2012

24257

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT

AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: PLAAS 764/9, PAARL AFDELING

Kennis geskied hiermee ingevolge Regulasie 4.7 van die Skemaregulasies afgekondig by PK 1048/1988, dat 'n aansoek soos hieronder uiteengesit ontvang is en gedurende normale kantoorure ter insae is by die kantoor van die Hoof: Beplanningsdienste, Administratiewe Kantore, h/v Hoof- en Markstraat, Paarl, Tel (021) 807-4822:

Eiendom: Gedeelte 9 van Plaas 764, Paarl Afdeling

Aansoeker: PJ le Roux Stads- en Streekbeplanners

Eienaar: Mnr Theunis Uys namens Theunis Uys Familietrust

Ligging: Geleë ± 3 km noord van Klappmuts, toegang vanaf die Anyswortelrugpad (Ondergeskikte Pad Nr 5246) wat kruis met die R44

Grootte: ± 52.89 ha

Sonering: Landbousone I

Huidige Gebruik: Bona fide landbou en geassosieerde aktiwiteite

Voorstel: Spesiale Vergunning ten einde die volgende gebruike te vestig:

- Vir die oprigting van 'n nuwe gebou ($\pm 650\text{m}^2$) wat gebruik sal word vir konferensies en 'n funksie-lokaal wat 'n maksimum van ± 150 mense sal akkommodeer (Toeristefasiliteit); en
- Die oprigting van 4 addisionele wooneenhede ($\pm 175\text{m}^2$ elk) wat elk 'n maksimum van 3 mense sal akkommodeer op 'n korttermyn huurbasis.

Gemotiveerde besware teen bogemelde aansoek kan skriftelik gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Drakenstein Munisipaliteit, Posbus 1, Paarl, 7622, teen nie later nie as Maandag, 26 Maart 2012. Beswaarmakers wat na hierdie datum beswaar aanteken sal outomaties hul reg op appèl teen enige besluit van die Raad verbeur.

Indien 'n persoon nie kan lees of skryf nie, kan so 'n persoon sy kommentaar mondelings by die Munisipale Kantore, Berggrivier Boulevard, Paarl, aflê, waar 'n personeellid sal help om sy kommentaar/vertoë op skrif te stel.

15/4/1 (F764/9) P

DENNIS SMIT, WNDE MUNISIPALE BESTUURDER

24 Februarie 2012

24256

HESSEQUA MUNISIPALITEIT

SLUITING VAN GEDEELTE VAN LAMOELASTRAAT — ERF 2941 (GEDEELTE VAN ERF 2286), HEIDELBERG

Kennis word hiermee gegee ingevolge die bepalings van Artikel 137(2)(a) van die Munisipale Ordonnansie 20 van 1974, dat die Hessequa Munisipaliteit van voorneme is om 'n gedeelte van Lamoelaststraat, Erf 2941 (Gedeelte van Erf 2286), Heidelberg, te sluit.

Besonderhede van voorgenoemde sluiting is beskikbaar by die Riversdal Hoof: Beplanning (028) 713-8000. Enige kommentaar of beswaar teen die voorgenoemde vervreemding moet skriftelik ingedien word om die ondergetekende te bereik nie later as 16 Maart 2012.

Persone wat nie kan skryf nie, kan die onderstaande kantoor nader tydens normale kantoorure waar die betrokke amptenaar u sal help om u kommentaar/vertoë op skrif te stel.

MUNISIPALE BESTUURDER, HESSEQUA MUNISIPALITEIT, VAN DEN BERGSTRAAT, POSBUS 29, RIVERSDAL 6670

24 Februarie 2012

24257

HESSEQUA MUNICIPALITY

PROPOSED EXTENSION OF RIVERSDALE CEMETERY:
SUBDIVISION, CONSOLIDATION, REZONING AND
AMENDMENT OF THE URBAN EDGE: ERF 2018 AND
REMAINDER OF ERF 2015, RIVERSDALE

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 17 & 24 of the Land Use Planning Ordinance 15 of 1985 (Ord. 15 of 1985) that the Hessequa Council made an application for the following:

Property: Remainder of Erf 2015, Riversdale — Commonage (±210ha) Erf 2018, Riversdale — Commonage (±420ha)

Proposal:

- Subdivision of Remainder of Erf 2015 to create two portions, namely Portion A (±6.2ha) and Remainder (±203.8ha).
- Subdivision of Erf 2018 to create two portions, namely Portion 1 (±3.53ha) and Remainder (±416.47ha).
- Consolidation of Portion A with Portion 1 to create a portion of ±9.73ha.
- Rezoning of consolidated portion (±9.73ha) from Agricultural Zone I to Open Space Zone II to expand the existing cemetery and align the cemetery with the Council's Scheme Regulations.
- Amendment of the urban edge to accommodate the proposed extension of the cemetery within the urban edge.

Applicant: Hessequa Municipality

Details concerning the application are available at the office of the undersigned during office hours. Any objections to the proposed application should be submitted in writing to reach the office of the undersigned not later than 15 March 2012.

People who cannot write can approach the office of the undersigned during normal office hours where the responsible official will assist you in putting your comments or objections in writing.

MUNICIPAL MANAGER, HESSEQUA MUNICIPALITY, PO BOX 29, RIVERSDALE 6670

24 February 2012

24258

HESSEQUA MUNICIPALITY

APPLICATION FOR CONSENT USE: PORTION 38 OF FARM 499,
VERMAAKLIKHEID

Notice is hereby given in terms of the Regulation 4.6 of Provincial Gazette No. 1048/1988 that the Hessequa Council has received the following application for consent use:

Property: Portion 38 of Farm 499 — 165.8817ha — Agriculture Zone 1

Proposal: Consent use in order to operate a Farm Stall

Applicant: JM Odendaal

Details concerning the application are available at the office of the undersigned during office hours. Any objection, to the proposed application should be submitted in writing to reach the office of the undersigned not later than 9 March 2012.

People who cannot write can approach the office of the undersigned during normal office hours, where the responsible official will assist you in putting your comments or objections in writing.

MUNICIPAL MANAGER, HESSEQUA MUNICIPALITY, PO BOX 29, RIVERSDALE 6670

24 February 2012

24259

HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VOORGESTELDE UITBREIDING VAN RIVERSDAL
BEGRAAFPLAAS: ONDERVERDELING, KONSOLIDASIE,
HERSONERING EN WYSIGING VAN DIE STEDELIKE GRENS:
ERF 2018 EN RESTANT VAN ERF 2015, RIVERSDAL

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikels 17 en 24 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning 15 van 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat die Hessequa Raad aansoek doen om die volgende:

Eiendomsbeskrywing: Restant van Erf 2015, Riversdal — Meentgrond (±210ha) Erf 2018, Riversdal — Meentgrond (±420ha)

Aansoek:

- Onderverdeling van Restant van Erf 2015 in twee gedeeltes, naamlik Gedeelte A (±6.2ha) en Restant (±203.8ha).
- Onderverdeling van Erf 2018 in twee gedeeltes, naamlik Gedeelte 1 (±3.53ha) en Restant (±416.47ha).
- Konsolidasie van Gedeelte A met Gedeelte 1 om 'n gedeelte van ±9.73ha te skep.
- Hersonering van gekonsolideerde gedeelte (±9.73ha) vanaf Landbousone I na Oopruimtesone II om die bestaande begraafplaas uit te brei en in lyn te bring met die Raad se Skemaregulasies.
- Wysiging van die stedelike grens om die voorgestelde uitbreiding van die begraafplaas te akkommodeer binne die stedelike grens.

Applikant: Hessequa Munisipaliteit

Besonderhede rakende die aansoek is ter insae by die kantoor van die ondergetekende Munisipale Kantore gedurende kantoorure. Enige besware teen die voorgenome aansoek moet skriftelik gerig word om die ondergetekende te bereik nie later as 15 Maart 2012.

Persone wat nie kan skryf nie, kan die onderstaande kantoor nader tydens sy normale kantoorure waar die betrokke amptenaar u sal help om u kommentaar of besware op skrif te stel.

MUNISIPALE BESTUURDER, HESSEQUA MUNISIPALITEIT, POSBUS 29, RIVERSDAL 6670

24 Februarie 2012

24258

HESSEQUA MUNISIPALITEIT

AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: GEDEELTE 38 VAN
DIE PLAAS 499, VERMAAKLIKHEID

Kennis geskied hiermee ingevolge Regulasie 4.6 van Provinsiale Koerant No. 1048/1988 dat die Hessequa Raad die volgende aansoek om vergunning ontvang het:

Eiendomsbeskrywing: Gedeelte 38 van Plaas 499 — 165.8817ha — Landbousone 1

Aansoek: Aansoek om vergunningsgebruik ten einde 'n Plaaswinkel/Kontreiwinkel te bedryf

Applikant: JM Odendaal

Besonderhede rakende die aansoek lê ter insae by die kantoor van die ondergetekende gedurende kantoorure. Enige besware teen die voorgenome aansoek moet skriftelik gerig word om die ondergetekende te bereik nie later as 9 Maart 2012.

Persone wat nie kan skryf nie, kan die onderstaande kantoor nader tydens normale kantoorure waar die betrokke amptenaar u sal help om u kommentaar of besware op skrif te stel.

MUNISIPALE BESTUURDER, HESSEQUA MUNISIPALITEIT, POSBUS 29, RIVERSDAL 6670

24 Februarie 2012

24259

KNYSNA MUNICIPALITY

LAND USE PLANNING ORDINANCE, 1985
(ORDINANCE 15 OF 1985)

LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL SYSTEMS ACT
, 2000 (ACT 32 OF 2000)

PROPOSED REZONING: ERF 2709, KNYSNA
(CLYDE STREET)

Notice is hereby given in terms of Section 17(2) of the Land Use Planning Ordinance 15 of 1985 that the undermentioned application has been received by the Municipal Manager and is open for inspection during office hours at the Municipal Town Planning Offices, 3 Church Street, Knysna. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Municipal Manager, PO Box 21, Knysna 6570 or before Friday, 23 March 2012 quoting the above Ordinance and the objector's erf number.

Notice is further given in terms of Section 21(4) of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) that people who cannot write may approach the Town Planning Section (3 Church Street) during normal office hours at the Municipal Offices where the Secretary will refer you to the responsible official whom will assist you in putting your comments or objections in writing.

Applicant: A VERCUEIL obo Knysna Municipality

Nature of application: Rezoning of Erf 2709 (Clyde Street), Knysna, from "Single Residential" zone to "Public Authority" zone to permit the applicant to erect a substation on the premises.

File reference: 2709 KNY

LA WARING, MUNICIPAL MANAGER

24 February 2012

24260

KNYSNA MUNISIPALITEIT

ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985
(ORDONNANSIE 15 VAN 1985)

WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELS, 2000
(WET 32 VAN 2000)

VOORGESTELDE HERSONERING: ERF 2709, KNYSNA
(CLYDESTRAAT)

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 17(2) van Ordonnansie 15 van 1985 dat die onderstaande aansoek deur die Munisipale Bestuurder ontvang is en gedurende kantoorure ter insae lê by die Munisipale Stadsbeplanningskantore, Kerkstraat 3, Knysna. Enige besware, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Posbus 21, Knysna, 6570 ingedien word voor of op Vrydag, 23 Maart 2012, met vermelding van bogenoemde Ordonnansie en beswaarmaker se erfnummer.

Ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word verder kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie die Stadsbeplanningsafdeling (Kerkstraat 3) kan nader tydens normale kantoorure waar die Sekretaris u sal verwys na die betrokke amptenaar wat u sal help om u kommentaar of besware op skrif te stel.

Aansoeker: A VERCUEIL nms Knysna Munisipaliteit

Aard van aansoek: Hersonerig van Erf 2709 (Clydestraat), Knysna van "Enkel Residensiële" sone na "Openbare Gesag" sone om die eienaar in staat te stel om 'n substasie op die perseel op te rig.

Lêerverwysing: 2709 KNY

LA WARING, MUNISIPALE BESTUURDER

24 Februarie 2012

24260

KNYSNA MUNICIPALITY

LAND USE PLANNING ORDINANCE, 1985
(ORDINANCE 15 OF 1985)

LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL SYSTEMS ACT, 2000
(ACT 32 OF 2000)

PROPOSED REZONING AND SUBDIVISION: PORTION 77 OF
THE FARM UITZICHT NO. 216, KNYSNA

Notice is hereby given in terms of Sections 24 and 17(2) of Ordinance 15 of 1985 that the undermentioned application has been received by the Municipal Manager and is open for inspection at the Municipal Building, 3 Church Street, Old Main Building, Knysna. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Municipal Manager, PO Box 21, Knysna, 6570 on or before Monday, 26 March 2012 quoting the above Ordinance and objector's erf number.

Notice is further given in terms of Section 21(4) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that people who cannot write may approach the Town Planning Section during normal office hours at the Municipal Offices where the Secretary will refer you to the responsible official whom will assist you in putting your comments or objections in writing.

Applicant: MARK DE BRUYN (obo St Barbara Estates Agents CC)

Nature of application: Rezoning of the whole of the remaining extent of Portion 77 from Resort Zone I, Residential V and Agriculture I to Resort Zone II as well as the subdivision of the Farm Uitzicht No. 216, Knysna, into 8 portions.

File reference: KNY 216/77

LA WARING, MUNICIPAL MANAGER

24 February 2012

24261

KNYSNA MUNISIPALITEIT

ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985
(ORDONNANSIE 15 VAN 1985)

WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELS, 2000
(WET 32 VAN 2000)

VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING:
GEDEELTE 77 VAN DIE PLAAS UITZICHT NR. 216, KNYSNA

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 24 en 17(2) van Ordonnansie 15 van 1985 dat die onderstaande aansoek deur die Munisipale Bestuurder ontvang is en ter insae lê by die Munisipale Gebou, Kerkstraat 3, Old Maingebou, Knysna. Enige besware met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Posbus 21, Knysna, 6570 ingedien word op of voor Maandag, 26 Maart 2012, met vermelding van bogenoemde Ordonnansie en beswaarmaker se erfnummer.

Ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word verder kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie die Stadsbeplanningsafdeling kan nader tydens normale kantoorure waar die Sekretaris u sal verwys na die betrokke amptenaar wat u sal help om u kommentaar of besware op skrif te stel.

Aansoeker: MARK DE BRUYN (nms St Barbara Estates Agents BK)

Aard van aansoek: Hersonerig van die oorblywende gedeelte van gedeelte 77 vanaf Oordsone I, Residensiële sone V en Landbousone I na Oordsone II, asook die onderverdeling van plaas Uitzicht 216, Knysna, in agt nuwe gedeeltes.

Lêerverwysing: KNY 216/77

LA WARING, MUNISIPALE BESTUURDER

24 Februarie 2012

24261

MOSSEL BAY MUNICIPALITY

LAND USE PLANNING ORDINANCE, 1985
(ORD. 15 OF 1985)

LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL SYSTEMS ACT, 2000
(ACT 32 OF 2000)

APPLICATION FOR CONSENT USES AND DEPARTURES:
PORTION 28 (PORTION OF PORTION 13) OF THE FARM
WITTEKLIP 241, MOSSEL BAY

Notice is hereby given that the undermentioned application has been received by the Municipality in terms of Regulation 4.6 of the Scheme Regulations promulgated in terms of Section 8 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (PN 1048 of 1988) as well as Section 15(1)(a)(ii) of the said Ordinance and is open to inspection at the Town Planning Division, 4th Floor, Montagu Place Building, Montagu Street, Mossel Bay. Any objections, with full reasons therefor, must be lodged in writing with the Municipal Manager, PO Box 25, Mossel Bay 6500 on or before Monday, 26 March 2012, quoting the above proposal and objector's erf number. Any comment or objection received after the aforementioned closing date may be disregarded. Any enquiries in this regard may be directed to Ms H Vorster, Town Planning, at telephone number (044) 606-5077 or fax number (044) 690-5786.

In terms of section 21(4) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) notice is hereby given that people who cannot write may approach the Legal Services Division during office hours, where a member of staff will assist you in putting your comments or objections in writing.

Applicant: Ms MA Oosthuizen, PO Box 52, LITTLE BRAK RIVER 6503

Nature of Application:

1. Proposed Consent Uses on Portion 28 of the farm Witteklip 241, Mossel Bay, 7.4465ha in extent and zoned "Agricultural Zone I", in order to permit the operation of a guest-house and farm store on the property.
2. Proposed departures from the Scheme Regulations in order to permit the operation of a restaurant, bar and place of assembly on the property.

File Reference: Witteklip 241

DR M GRATZ, MUNICIPAL MANAGER

24 February 2012

24262

SALDANHA BAY MUNICIPALITY

APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE ST HELENA BAY
ZONING SCHEME REGULATIONS

Notice is hereby given in terms of Section 9(2) of the Land Use Planning Ordinance, No. 15 of 1985, that it is the intention of the Saldanha Bay Municipality to make application to the Provincial Government to amend Regulation 8.2.1.3 of the St Helena Bay Zoning Scheme Regulations, with regard to maximum coverage permitted in the single dwelling area, in the following manner:

Present wording:

"8.2.1.3 *Coverage and height of dwellings*

The maximum coverage permitted for single dwellings shall be 30 percent of the site . . ."

Wording of intended amendment:

"8.2.1.3 *Coverage and height of single dwellings*

The maximum coverage permitted for dwelling houses shall be 50 percent of the site . . ."

Details are available at the Municipal Manager's office, municipal building opposite the Primary School, 4 School Street, Vredenburg. Weekdays: 08:00-13:00 and 13:30-16:30.

Enquiries: Carmen Lambrechts ((022) 701-7107).

Objections/comment to the proposal, with relevant reasons, must be lodged in writing, with the Municipal Manager, Private Bag X12, Vredenburg, 7380, before or on 27 March 2012.

ACTING MUNICIPAL MANAGER

24 February 2012

24263

MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT

ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985
(ORD. 15 VAN 1985)

PLAASLIKE REGERING: WET OP MUNISIPALE STELSELS, 2000
(WET 32 VAN 2000)

AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIKE EN AFWYKINGS:
GEDEELTE 28 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 13) VAN DIE PLAAS
WITTEKLIP 241, MOSSELBAAI

Kennis geskied hiermee dat die ondergemelde aansoek ingevolge Regulasie 4.6 van die Skemaregulasies uitgevaardig ingevolge Artikel 8 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (PK 1048 van 1988) en Artikel 15(1)(a)(ii) van gemelde Ordonnansie deur die Munisipaliteit ontvang is en ter insae lê by die Afdeling Stadsbeplanning, 4de Vloer, Montagu Plek Gebou, Montagustraat, Mosselbaai. Enige besware, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Posbus 25, Mosselbaai 6500 ingedien word op of voor Maandag, 26 Maart 2012, met vermelding van bogenoemde aansoek en beswaarmaker se ernommer. Enige kommentaar of beswaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word mag moontlik nie in ag geneem word nie. Enige navrae kan gerig word aan me H Vorster, Stadsbeplanning, by telefoonnommer (044) 606-5077 of faksnommer (044) 690-5786.

Ingevolge artikel 21(4) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word kennis hiermee gegee dat persone wat nie kan skryf nie, die Afdeling Regsdienste kan nader tydens kantoorure, waar 'n lid van die personeel u behulpsaam sal wees om u kommentaar of beswaar op skrif te stel.

Aansoeker: Me MA Oosthuizen, Posbus 52, KLEIN-BRAKRIVIER 6503

Aard van Aansoek:

1. Voorgestelde Vergunningsgebruike op Gedeelte 28 van die plaas Witteklip 241, Mosselbaai, groot 7.4465ha en gesoneer "Landbousone I", ten einde 'n gastehuis en plaaswinkel op die eiendom te bedryf.
2. Voorgestelde afwykings van die Skemaregulasies ten opsigte van die bedryf van 'n restaurant, kroeg en vergaderplek.

Lêerverwysing: Witteklip 241

DR M GRATZ, MUNISIPALE BESTUURDER

24 Februarie 2012

24262

MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI

AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE ST HELENABAAI
SONERINGSKEMA REGULASIES

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 9(2) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, No. 15 van 1985, dat Saldanhabaai Munisipaliteit van voorneme is om aansoek te doen by die Provinsiale Regering om 'n wysiging van Regulasie 8.2.1.3 van die St Helenabaai Soneringskemaregulasies, met betrekking tot maksimum dekking toelaatbaar in die enkelwoninggebied, soos volg te doen:

Huidige bewoording:

"8.2.1.3 *Vloeroppervlakte en hoogte van enkelwonings*

Die maksimum dekking wat toegelaat word vir woonhuise is 30 persent van die perseel . . ."

Bewoording van voornemende wysiging:

"8.2.1.3 *Vloeroppervlakte en hoogte van enkelwonings*

Die maksimum dekking wat toegelaat word vir woonhuise is 50 persent van die perseel . . ."

Nadere besonderhede lê ter insae by die Munisipale Bestuurder se kantoor, munisipale gebou oorkant die Laerskool, Skoolstraat 4, Vredenburg. Weekdae: 08:00-13:00 en 13:30-16:30.

Navrae: Carmen Lambrechts ((022) 701-7107).

Besware/kommentare ten opsigte van die aansoek, tesame met betrokke redes, moet skriftelik voor of op 27 Maart 2012 by die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X12, Vredenburg 7380, ingedien word.

WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

24 Februarie 2012

24263

SALDANHA BAY MUNICIPALITY

REZONING OF ERF 14709 (CONSOLIDATED ERVEN 7724 AND 7725), 3 NOORDZEE STREET, SALDANHA

Notice is hereby given that Council received an application for the:

- (i) rezoning of Erf 14709, Saldanha, in terms of Section 17(1) of the Land Use Planning Ordinance (No 15 of 1985), from Single Residential zone to Institutional zone in order to operate a place of public worship on the premises.

Details are available at the Municipal Manager's office, municipal building opposite the Primary School, 4 School Street, Vredenburg. Weekdays: 08:00-13:00 and 13:30-16:30.

Enquiries: D Dunn (Tel: (022) 701-7034.)

Objections/comment to the proposal, with relevant reasons, must be lodged in writing before 27 March 2012 with the Municipal Manager, Private Bag X12, Vredenburg, 7380.

ACTING MUNICIPAL MANAGER

24 February 2012

24264

SWELLENDAM MUNICIPALITY

APPLICATION FOR REZONING AND SUBDIVISION: SANBONA NATURE RESERVE, SWELLENDAM

Notice is hereby given in terms of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance no. 15 of 1985) that Council has received an application from Calidris Development Group on behalf of Sanbona Game Reserve (Pty) Ltd for:

1. The rezoning of the complete Sanbona Game Reserve from Agriculture Zone I to Open Space Zone III (Nature Reserve).
2. The rezoning of the existing guest-house known as Kanni, situated on Cape Wildlife Reserve, Farm No 622, Swellendam, from Residential Zone V to Resort Zone I.
3. The subdivision of 11 (eleven) resort zone parcels and 5 (five) separate management areas.

Further particulars regarding the proposal are available for inspection at the Municipal office, Swellendam during office hours. Objections to the proposal, if any, must reach the undermentioned on or before 26 March 2012.

Persons who are unable to read and write will be assisted during office hours, at the Municipal office, Swellendam, to write down their objections.

N NEL, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Office, SWELLENDAM

Notice: 26/2012

24 February 2012

24265

THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

APPLICATION FOR CONSENT USE: PORTION OF ERF 1, CALEDON (IAN TOERIEN WAY)

Notice is hereby given in terms of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that an application has been submitted to the Theewaterskloof Municipality for:

1. The consent use in terms of Section 10(1)(b) of the Theewaterskloof Municipal Integrated Zoning Scheme Regulations for the erection of the Victoria Hall on a Portion of Erf 1, Caledon situated in Ian Toerien Way.

Applicant: Theewaterskloof Municipality

